



Stellenberger

Tiendemaandskeppings - die wenner is . . .



Hartlik geluk aan die twee wenner van die Tiendemaand-kompetisie. Die twaalfjarige Adam Roos (foto links, saam met ds. Peter Kotze) palm een prys in met die koperkoevert wat hy uit 'n afvalkoperplaat gemaak het.

Eric en Rita Esterhuizen (foto regs) loop met die ander prys weg vir die papierkerk uit afvalkarton wat deur hulle kleinseun geskep is.

"Baie geluk aan die wenner en baie dankie aan elke lidmaat wat aan die projek deelgeneem het. Lidmate se vindingrykheid het ons werklik stom gelaat," sê ds. Callie Visagie.

Hoekom is die almanakke so klein?

Die almanakke se formaat en grootte is verander met die uitsluitlike doel om koste te bespaar. Drukkoste en papier word jaarliks duurder. Met die verkleining van die almanak en die gebruik van meer papier as karton, het ons 'n noemenswaardige besparing gemaak. Ons vertrou dat lidmate dit ook só sal begryp. Neem gerus vir jou gesin 'n gemeente-almanak in die voorportaal van die kerk of kleinsaal.

Fokusprogam


Tema: 'n Vrygewige lewe

Op Sondag 11 Februarie 2018 gaan ons die lydenstyd binne. In die daaropvolgende sewe weke tot en met Goeie Vrydag en Paassondag, oordink ons Jesus se lyding, sterwe en opstanding. Die Passie van Christus (verhaal van Jesus se lyding en sterwe) raak ons diep. Dit is teen hierdie agtergrond dat Kersfees en die bekende woorde van die lied, Stille nag: "Heer gebore vir ons" en "Juig die Redder is daar", dan eers volle betekenis kry. En daarom staan die belydenis: "Jesus ons Verlosser leef" ook op ons kerkmuur geskryf.

Ons nooi jou om in die sewe weke van van lydenstyd 2018 opnuut saam met ander te beleef hoe ons geloof in Christus as Verlosser ons vrymaak om waarlik te kan lewe. Ons nooi jou uit om by die volgende geleentheid in te skakel:



Sondagviering: Woon die sewe spesiale lydenseredienste by wat op Sondag 11 Februarie 2018 begin en kulmineer in Goeie Vrydag en Paasfees.



Rooi kruise: As simboliek van ons viering van die lydenstyd versoek ons mense om rooi kruise op hulle voordeure of die voorkant van hulle huise aan te bring. Daar sal weer rooi kruise beskikbaar gestel word vir diegene wat nie meer een het nie. Rooi kruise kan vanaf 11 Februarie by die kerk en die daaropvolgende week by die kerkkantoor afgehaal word.



Weeklikse studiegeleentheid: Woon ses studiegeleentheid by. Kry 'n groep mense bymekaar wat weekliks saam 'n uitgewerkte studiedeelte behandel. Kontak ons indien jy 'n groep soek om by in te skakel. Daar sal ook weekliks twee grootgroepbyeenkoms op Donderdagoggende (10:00) en Donderdagaande (19:00) in die grootsaal aangebied word vir mense wat nie 'n groep het om by in te skakel nie. Jy kan ook die studiedeelte in jou eie stiltetyd deurwerk. Handleidings wat die studiestukke bevat, sal vanaf Sondag 4 Februarie by die kerk (inligtingstoonbanke) beskikbaar wees en gedurende die week by die kerkkantoor.



'n Kort video-inset waarin een van die gemeentepredikante uitlig hoe die teksgeelte ons in Stellenberg raak sal ook beskikbaar gestel word. Die videogrepe kan tydens kleingroepbyeenkomste gekyk word en sal ook tydens die grootgroepbyeenkomste vertoon word. Videogrepe sal vanaf Sondag 11 Februarie op ons webblad beskikbaar wees, DVD's met die videogrepe kan ook vanaf dié datum by die kerkkantoor afgehaal word.

Reik uit na die mense saam met wie jy leef

Ons gemeente se fokusprogram wat op Sondag 11 Februarie begin, bied 'n wonderlike geleentheid om uitdrukking te gee aan 'n kerngeloofsoortuiging: Ons glo in die gemeenskap van gelowiges. Ons glo dat een van die kragtigste maniere waarop die Heilige Gees in ons lewens werk, te doen het met die mense met wie die Here ons in aanraking bring.

Daarom wil ons lidmate aanmoedig om in die loop van die lydenstyd waartydens ons fokusprogram aangebied word, die inisiatief te neem om mense uit te nooi om oor 'n periode van ses weke saam die studiegedeeltes deur te werk. Die tema van die reeks is: 'n Vrygewige lewe. Die lyding, sterwe en opstanding van Jesus maak in ons 'n vrygewigheid wakker wat die lewe in die komende jaar nuwe sin en betekenis gee. Die studiereeks fokus op die gemeente in Korinte aan wie Paulus twee briewe geskryf het en waarin hy hulle onder andere tot 'n vrygewige lewe aanspoor.


Elke studiegedeelte bestaan uit die volgende momente:



'n Fokusteksgedeelte uit 1 en 2 Korintiërs wat saam gelees word. 'n Besprekingsgeleentheid waarin belangrike aspekte van die teks beklemtoon word.



'n Kort video-inset waarin een van die gemeentepredikante uitlig hoe die teksgedeelte ons in Stellenberg raak. Videogrepe sal vanaf Sondag 11 Februarie op ons webblad beskikbaar wees, DVD's met die videogrepe kan ook vanaf dié datum by die kerkkantoor afgehaal word.



'n Groepsbespreking oor hoe die kwessie my eie lewe binne die gemeente raak.



'n Voorgeskrewe gebed wat saam gebid kan word.

Indien jy aan die studiereeks wil deelneem, maar nie 'n groep het om by in te skakel nie, kan jy by die ses grootgroepbyeenkomste wat elke Donderdag om 10:00 en 19:00 in die kleinsaal aangebied word, inskakel. Die studiegedeeltes kan ook in jou eie stiltetyd deurgewerk word. Die groephandleiding sal vanaf Sondag 4 Februarie op ons webblad, Sondae by die eredienste, asook deur die loop van die week by die kerkkantoor beskikbaar wees.

Die nuwe dominee

Ds. Fay van Eeden wat einde verlede jaar na die gemeente beroep is, het nie die beroep aanvaar nie. Sy was 'n genomineerde kandidaat, wat beteken dat sy nie self aansoek gedoen het nie. Sy het die aanbod baie sterk oorweeg, maar skielike wendings in haar en haar man, Peet, se persoonlike lewens het hulle genoop om nie die beroep te aanvaar nie.

Die pre-advies-komitee, verantwoordelik vir die bestuur van die beroepings- en aanstellingsproses van 'n nuwe leraar, het besluit om lidmate weer geleentheid te gee om nominasies in te dien. Onderhoude is op 31 Januarie gevoer met kandidate op die kortlys, waarna die kerkraad die finale beroep op 1 Februarie uitgebring het. Ds. Pieter Roeloffse van die NG Kerk Prins Alfred Hamlet is beroep. 'n Approbasietydperk van twee weke lê nou voor waartydens die gekose kandidaat aan die gemeente bekend gemaak sal word. Na die approbasietydperk verstryk het word 'n skriftelike beroep aan die kandidaat gestuur waarop hy dan weer twee weke tyd het om finaal te antwoord.

Ons hoop om die nuwe leraar in middel Maart te bevestig.

Pieter is 43 jaar oud en getroud met Jana, 'n onderwyseres. Hulle het drie kinders (12 jaar, 9 jaar en 4 jaar oud). Pieter was voorheen leraar by Nigel-Suid, PUK Kandelaar (studenteleraar), Stellenbosch-gemeente en Fontainebleau Gemeenskapskerk.

Elke druppel is belangrik

In die lig van die heersende waterkrisis in die Wes-Kaap versoek ons lidmate om die reinigingsmiddel wat by handewasbakke beskikbaar gestel word te gebruik om hande mee skoon te maak. Slegs een druppel van die reinigingsmiddel is voldoende om jou hande mee te reinig. Indien jy te veel gebruik maak dit jou hande taai. Ons doen 'n beroep op ouers om ook die jongspan na die kleedkamers te vergesel en in dié verband touwys te maak. Spoel toilette asseblief ook oordeelkundig.



VatVywers lê weg aan somervrugte



Die VatVyf-groep se bedrywighede vir 2018 het amptelik met 'n vrugtefees op Woensdag 24 Januarie afgeskop. Dié groep, gerig op ons afgetrede lidmate, kom twee keer per maand op 'n Woensdag bymekaar. Hulle program wissel tussen saamkuiers, uitstappies, musiekvertonings, aanbiedings deur interessante sprekers en dies meer. Hulle volgende byeenkoms op 7 Februarie is 'n uitstappie na die Kirstenbosch Botaniese Tuin.

Dankbaarheid oor die Tiendemaandinsameling

deur: ds. Callie Visagie

Lidmate het op baie kreatiewe wyses hul bydraes vir die Tiendemaandinsameling na die kerk gebring. Ons het soveel oorspronklike inskrywings ontvang dat ons uiteindelik besluit het om twee pryse beskikbaar te stel – een vir volwassenes, asook een vir kinders. Tans staan ons insameling op R1 370 000 teenoor die R1 963 000 van die 2016/17-boekjaar. Ons is dus nog ongeveer R593 000 agter teenoor 2017 se totaal. Ons gee tot aan die einde van die boekjaar, 28 Februarie, vir lidmate geleentheid om bydraes te lewer. Dankie vir jou oorweging tot 'n bydrae indien jy dit nog nie gedoen het nie – sodoende help bou elke lidmaat aan sy koninkryk plaaslik en oor ons grense heen. NG Kerk Stellenberg, Tjekrekening, ABSA 145 058 0011, Takkode 632005.

Halfweek van gebed

11 tot 14 Februarie om 19:00 in die Kleinsaal

Dié geleentheid word deur **dr. Francois Carr** gelei. Dr. Carr is 'n gesoute spreker en stigter van Heart Cry Ministries. Kom luister gerus na sy insigte rondom die vestiging van 'n sinvolle gebedslewe. Navrae: Milda Brits, milda@stellenberg.co.za

Bybelstudiegroep vir huiswerkers sluit 2017 op 'n hoogtepunt af



Die Bybelstudiegroep vir huiswerkers kom reeds die afgelope dekade al om die ander Dinsdagaand bymekaar. Daar bestaan 'n hegte band tussen dié besondere groepie vroue en hulle verwelkom graag nuwe lede. "Huiswerkers is dikwels eensaam omdat hulle in baie gevalle ver van hulle eie familie en vriende werk. Die groep bied dus vir hulle 'n veilige hawe waar nuwe vriendskappe gesmee word," vertel Milda Brits, sameroeper van die Bybelstudiegroep. "Die jaarlikse Kersete is een van ons hoogtepunte. Ons hou dan saam Kersfees om die jaar mee af te sluit voor almal na hulle onderskeie tuisdorpe vertrek," sê Milda.

Kontak die groep gerus by milda@stellenberg.co.za indien jy weet van iemand wat by die groep wil inskakel.

Die Kuierbasaar op Vrydag 2 Maart

Saamkuier is 'n groot prioriteit in Stellenberg-gemeente en waar sal 'n mens dan 'n beter verskoning vir saamkuier en saameet as by 'n gemeentebasaar vind?

"Ons nooi almal om deel te hê aan die feestelikheid op 2 Maart, sê ds. Callie Visagie, "maar die aanbod van 'n basaar is 'n spanpoging en die sukses daarvan afhanklik van lidmate wat bereid is om vrywillig hand by te sit en mee te doen aan die voorbereidings."

Die basaarkomitee beoog om die volgende te ete aan te bied: boereworsrolle, hamburgers, pannekoek, kerrie-en-rys, vetkoek, roosterkoek, braaivleis, potjiekos en poeding.

Indien jy bereid is om by enige van die stalletjies behulpsaam te wees, kontak Christine Morsbach (koördineerder) by christinemorsbach@gmail.com. Duan Gouws en sy span helpers sorg soos altyd vir lafenisse vir die keel en vir die jongspan sal "laser tag" @ R25 per kind in die kleinsaal aangebied word.

Lidmate word weer uitgenooi om met hulle eie handwerk, of tuisgemaakte eetgoed te kom spog. Indien jy iets te koop wil aanbied, kontak Sanèl by sanel@stellenberg.co.za

Eredienste in Stellenberg

'n Oggenddiens: 09:00 in die kerk (elke Sondag) – erediens met informele aanslag en 'n gekombineerde musiekstyl.

Gesinsdiens: 09:00 in die kleinsaal – gemik op ouers met voorskoolse en laerskoolkinders. Geen dienste tydens skoolvakansies en langnaweke nie.

Meditatiewe diens: 09:00 in die kapel – 'n stil diens met musiek en meditasie. Geen dienste tydens skoolvakansies en langnaweke nie.

Blokdienste: 09:00 in die grootsaal – Die dienste word vir spesifieke belangegroepes byvoorbeeld wykslede, of ouers van 'n spesifieke graadgroep, of ouers met babas en kleuters, aangebied. Lidmate word via die bulletin, sms'e, asook e-posse na dié eredienste genooi.

Klouterkerk: 09:00 in die grootsaal. Die diens word sporadies aangebied vir ouers met babas en jong kinders. Die hele gesin is welkom, veral die babas en kleuters. Hou die bulletin en erediensrooster op die webwerf dop vir die diens se datums. Datums vir klouterkerk in 2018 is: 11 Februarie, 11 Maart, 6 Mei, 27 Mei, 19 Augustus, 14 Oktober en 11 November.

Jeugdiens: 18:00 in die kerk (tydens skoolkwartale) – ingerig in 'n milieu vir tieners en jongmense. Almal is egter welkom. Geen dienste tydens skoolvakansies en langnaweke nie.

Kruisdiens: 19:00 in die kapel (elke Sondag). 'n Aanddiens met intieme atmosfeer.

OUERS MET JONG KINDERS

Kleuter- en peuterkerk: Elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:00 in die kleuterkerkklokaal (groot-saal). Kleuterkerk vir almal tussen 2 en 6 jaar oud. Let wel die kleuterkerk word nie tydens skoolvakansies en langnaweke aangebied nie.

Moederskamer: In die kerkgebou vir ouers met babas.

Moederskamer: In die bo-vertrek tydens die gesinsdiens vir ouers met kleuters.

TV-kamer: Agter die preekstoel in die kerk, vir ouers met kleuters. Die kerk se erediens word op die televisie uitgesaai.

Kleingroepleiers is kritiek

Heelwat graadgroepe het net eenvoudig te min kleingroepleiers om die suksesvolle aanbieding van kategese moontlik te maak. In 'n samelewing waar godsdiens onderrig by skole uitfaseer word, raak die geestelike opvoeding van kinders juistemeer die groter kerkfamilie se verantwoordelikheid.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers, Oumas, Oupas en jong volwassenes om betrokke te raak by die volgende graadgroepe wat nog 'n groot tekort aan leiers ervaar: graad 1, 4, 6 en 7. By die graad 2,3 en 5 groepe is al heelwat leiers, maar daar is ruimte vir nog. Ons benodig ook dringend helpers by die peuter-en kleuterkerk.

By senior kategese word vyf leiers dringend by die graad 8-groep benodig en twee by die graad 9-groep. Indien jy betrokke wil raak stuur asb. 'n e-pos aan sunet@stellenberg.co.za

Nuwe vriendskapsbande met Duitsland gesmee

Deur: ds. Peter Kotze

In pas met Stellenberg-gemeente se fokus op uitreik oor alle grense heen en ons ingesteldheid op sosiale geregtigheid, het ons onlangs die ongelooflike voorreg bekom om vir die volgende twee jaar in vennootskap met die Evangelies Lutherse gemeente in Fürstfeldbruck deel te neem aan Welwärts in Duitsland se Global 2030-projek. Die projek geniet onder andere die ondersteuning van die Verenigde Nasies en dek 'n weie verskeidenheid opheffingprojekte wat regoor die wêreld bedryf word en ons gaan in samewerking met die Lutherse Kerk so armoede help verlig.

Volgens die ooreenkoms gaan die twee groepe tydens uitruilbesoeke wissel, gesprekke met universiteite en ander onderwysinrigtings voer, projekte besoek, maatskaplike dienste ondersteun en netwerke probeer vorm wat saam kan help om volhoubare armoedeverligting in Suid-Afrika en Duitsland te vestig.

Stellenberg-gemeente se jongmense gaan saam met studente van Fürstfeldbruck werk om projekte te vestig. Studente van Fürstfeldbruck besoek Stellenberg en Suid-Afrika vanaf 16 Maart to 5 April. Ons sien uit daarna om hul gashere te wees. Hulle sal ons vergesel op kort



uitreike en ook ons gemeente se onderskeie projekte besoek.

Bid asseblief vir hierdie samewerkings-ooreenkoms en dat dit groot vrug vir die koninkryk van God sal oplewer. Indien u by die projek betrokke wil raak, kontak my gerus by die jeugkantoor vir meer besonderhede. Ons is ook op soek na gasheerhuise vir die studente. Kontak ons asseblief indien jy een of meer student kan huisves. Vergoeding vir uitgawes kan aangebied word, aangesien hulle uitgawes deur 'n borgskap gedek word.

Ons is opgewonde oor die intergemeentelike samewerking en sien uit na die idees wat hieruit gaan spruit!

Samesteller: Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

Bydraes en voorstelle: sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za